SAGES
SENIOR GOLF-GHOLF
SINCE 1974

# SUIDKAAP NUUSBRIEF NO 3 van 2025 / SOUTHERN CAPE NEWSLETTER NO 3 of 2025

## Inhoud / Content


Boggomsbaai11 September 2025

Kaapse Streektoernooi 13 – 14 Okt 25 Langebaan

Mosselbaai 20 Okt 25

Stilbaai 17 Nov 25

SAGES Webwerf


BOGGOMSBAAI 11 SEPTEMBER 2025

Nie eers die heersende droogte en ń baie droë Boggomsbaai-gholfbaan kon verhoed dat ń mooi groep van 52 Suid-Kaap Sagesspelers op 11 September op Boggies opgedaag het vir ń rondte gholf nie. Miskien is dit darem ook die wete dat die Boggiesgasvryheid en heerlike Hanna-ontbyt wat op hulle gewag het ekstra motivering gegee het!

Die formaat van die dag was ń Vierbal-Samespel met 1, 2 en 3 Stablefordtellings wat op die agtereenvolgende putjies getel het. Die vierballe het behoorlik gekook en goeie tellings is aangeteken. Die volgende was die bestes en hulle het wyn gewen wat deur Julyan Bruyns,, inwoner van Boggomsbaai en sakeman in die Vrystaat, geskenk is:

1. Stoffel en Breggie Maritz (Mosselbaai), Pieter Potgieter en Piet Cronjè (Stilbaai) 99

2. Ernest Roux (Boggomsbaai), Hennie Bosman (S), Antony Slater en Gert Brink (Mosselbaai) 97

3. Vince Bruwer en Danie Terblanche (M), Wessel Oosthuizen en David Hawla (B) 96

4. Paul de Villiers en Charl du Randt (Riversdal), Andre Odendaal(B) en Braam Dekker (gas) 96

5. Andries en Toy van Schalkwyk (B), Colin Sharwood en Petro Vorster (R) 96

6. Cassie Swanepoel en Marius Loubser (B), Bennie Geldenhuys en Leon Neveling (M) 947.

7. Jarno en Irmadel Loubser (gaste), Theunis Ebersohn Craffie Crafford (M) 92

8. Nic Marais, Kalla Kalsbeek, Nelus en Mariaan Loots (M) 91

Naaste aan die penne is gewen deur Petro Vorster (R) op 6/15 en Ernest Roux ( B) op 9/18 en hulle gaan huis toe met wors wat geskenk is deur JC Slagtery van Riversdal. Pieter Potgieter (S) het ń arend op putjie 13 aangeteken en Dawid Gerber het die enigste spogtwee van die dag behaal. Paul de Villiers (R) met 48 punte en Fred Bull (M) met 45 punte het die beste indiwiduele vertoning van die dag gelewer en Marius Geldenhuys (B) word as nuwe lid by Suid-Kaap Sages verwelkom.




Wenners op Boggomsbaai: Gert Brink, Pieter Potgieter, Antony Slater, Piet Cronjè, Breggie Maritz, Nic Marais (voors), Stoffel Maritz, Ernest Roux en Hennie Bosman

KAAPSE STREEKTOERNOOI LANGEBAAN 13 EN 14 OKTOBER 2025

Daar was 16 spelers wat die Suidkaap op Langebaan verteenwoordig het. Die onderskeie spanne het die 7de, 10de 12de en 13de plekke behaal.

| BRANCH COMPETITION - 4BBBS | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| CAPE REGIONAL 2025 | | | | | | | |
| **Position** | **Branch** | **Player A** | **Player B** | **Player C** | **Player D** | **Total Age** | **Total Score** |
| 1 | OUT | Martin Speelman | Eleonor Speelman | Andre Grobbelaar | Nanette Grobbelaar | 282,982 | 183 |
| 2 | WP | Elroy Kleinveldt | Vincent Murison | Derrick Nieuwenhoudt | Rob Blake | 290,048 | 178 |
| 3 | BOL | Jan Vermeulen | Frans Conradie | Andre de Wet | Debbie de Wet | 283,324 | 176 |
| 4 | BOR | Dries Coetzee | Izak Roos | Ernst de Villiers | Michael Tesmer | 264,994 | 173 |
| 5 | EP | Pierre Goosen | Cindy Goosen | Willie Fouche | Ansie Fouche | 262,946 | 173 |
| 6 | BOL | Gerald le Roux | Ollie van Schalkwyk | John Huxted | Frayne Carl | 258,760 | 172 |
| 7 | SC | Colin King | Lawrence Barltrop | Ken Lello | Hennie Bosman | 269,829 | 171 |
| 8 | NMC | Eddie Mantle | Con Esterhuysen | Andre Blom | Dion Opperman (BOL) | 287,806 | 170 |
| 9 | LANG | Stanley Louw | Lampies Lambrechts | Linda Weitz | Pierre Terblanche | 279,269 | 169 |
| 10 | SC | Gert Brink | Craffie Craffoed | Basie Nortje | Charl du Randt | 282,795 | 168 |
| 11 | WP | John Adonis | Priscilla Petersen | Peter Johnson | Christo Ferreira | 272,315 | 168 |
| 12 | SC | Bennie Geldenhuys | Antony Slater | Leon Neveling | Arrie van Huyssteen | 267,808 | 167 |
| 13 | SC | Nic Marais | Henk Diesel | Chris Barnard | Dawid Gerber | 289,133 | 166 |
| 14 | BOL | Des de Wet | Liam Dyason | Exul le Roux | Oswald Kesner | 284,016 | 166 |
| 15 | LANG | Johan Barnard | Frank Wiggins | Len de Kock | Izak de V Viljoen | 275,285 | 165 |
| 16 | BOL | Neville Minnaar | Morné Philander | Clifford Chetty | Chris Lourens | 268,178 | 165 |
| 17 | EP | John Price | Sean Cunningham | Jan Kapp | Andre Lötter | 281,424 | 164 |
| 18 | BOR | George Vosloo | John de Koning | Andreas de Beer | Sarel Snyman | 277,221 | 162 |
| 19 | OUT | Casper le Roux | Ben van Wyk | Johan Nel | Eddie Hanekom | 262,845 | 162 |
| 20 | OV | Dirkie Groenewald | Hennie van Deventer | Morne Rossouw | Rikus de Beer | 236,589 | 162 |

Wat die pare betref het die volgende die beste gevaar:

Maandag 13 Okt 25

9de Bennie Geldenhuys en Antony Slater 46 punte.

12de Ken Lello en Hennie Bosman 46 punte.

Dinsdag 14 Okt 25

4de Colin King en Lawrence Balthrop 47 punte.

21ste Chris Barnars en Dawid Gerber 42 punte.

22ste Bennie Geldenhuys en Antony Slater 42 punte.

23ste Craffie Crafford en Gert Brinl 42 punte.



Basie Nortjè, Charl du Randt, Bennie Geldenhuys, Craffie Crafford, Nic Marais, Leon Neveling, Lawrence Barltrop, Chris Barnard, Colin King, Theunis Ebersohn, Dawid Gerber en Celeste Scheepers

SAGES BESOEK MOSSELBAAI  20 OKTOBER 2025

As jy by die kus kom aftree en jy kan nie in die wind gholfspeel nie, dan gaan die dae op die gholfbaan vir jou lank raak! 79 Suid-Kaap Sagesspelers het op 20 Oktober ń lekker sterk suidooster op Mosselbaai se gholfbaan getrotseer en te oordele aan die uitslag in die IPS-kompetisie het heelwat al die probleem te bowe gekom.

Die uitslag van die Indiwiduele Stablefordkompetisie was as volg:

1. Pierre le Roux (Stilbaai) 43,  2. Pine Pienaar (S) 42,  3. Richard Peasy (S) 41,  4. Danie Terblanche (Mosselbaai) 40,  5. Lawrence Barltrop (S) 39,  6. Dawid Gerber (M) 38,  7. Gert Pieterse (M) 38,  8. Branco Celica (S),  9. Manie Kuhn (M) 38,  10. Bennie Mintoor (Boggomsbaai) 38.

Naaste aan die penne is gewen deur Bennie Geldenhuys (M) op putjie 8 en Gert Brink (M) op 12. Pine Pienaar en Gert Brink het ook die enigste spogtwees op putjie 12 aangeteken.

Baie dankie aan die Mosselbaai Gholfklub vir die gebruik van hul baan. Dankie ook aan JC Slagtery van Riversdal wat met elke Sagessamekoms twee stewige pakke wors skenk vir die naaste aan die penne.



Wenners op Mosselbaai: Danie Terblanche, Richard Peasy, Nic Marais (voors), Pine Pienaar en Pierre le Roux

Elke jaar skenk die Suid-Kaap Sagesgroep geld aan ń behoeftige instansie en hierdie jaar het die donasie gegaan na die Albertinia Versorgingsdienste. Die "ouetehuis" op Albertinia doen ń reuse werk om veral ons ouer geslag se laaste jare so aangenaam as moontlik te maak en die bestuurder, Annelise Minnie, en haar personeel word baie sterkte toegewens vir hul groot taak.



Wessel Oosthuysen van Albertinia oorhandig die Sagesdonasie aan Annelise Minnie van die Albertinia Versorgingsdienste

STILBAAI 17 NOVEMBER 2025

WIND PLA OP STILBAAI

Al ooit gewonder waarom baie van die bome skuins staan op die gholfbaan van Stilbaai? Die 72 spelers van Suid-Kaap Sagesspelers wat op Maandag 17 November op Stilbaai kom aanmeld het vir ń Beterbalkompetisie het die antwoord daarop fisies beleef met ń tierende suidooster wat jou letterlik laat sukkel het om jou balans te hou. Tog is daar altyd uitskieters, en Thys en Mart Cronjè van Stilbaai het met ń skitterende 46 Stablefordpunte die kompetisie gewen!

Die Stilbaai Gholfklub word  bedank vir hul uitstekende organisaie en hartlike gasvryheid. Hul baan is, ongeag die heersende droogte, in ń pragtige toestand en die Sages wil hulle alle sterkte toewens vir die besige feestyd wat voorlê.

Die spelers het meegeding om die Hennie Huysertrofee. Hennie Huyser was ń voormalige voorsitter van Suid-Kaap Sages en sy seun, ook Hennie, het spesiaal van George af deurgekom om te kom saamspeel en deel te wees van die prysuitdeling. In die BBS-kompetisie het die volgende pare die beste gevaar:

1. Thys en Mart Cronjè (Stilbaai) 46

2. Piet Cronjè en Willie Albertyn (S) 44

3. Johan Swart en Wilhelm Steenkamp (S) 43

4. Pierre le Roux en Rudi Delport (S) 42

5. Davy Roberts en Denzil Geldenhuys (Riversdal) 42

6. Basie Nortjè en Charl du Randt (R) 41

7. Charl Marais en Pinoc Jacobs (S) 41

8. Branko Celica en Alwyn Vorster (S) 41

9. Bert Steenberg en Johan Leonard (Boggomsbaai) 41

10. Dirk Bosman en Pierre Jordaan (S) 41

Naaste aan die penne, met die tradisionele worspakke van JC Slagtery van Riversdal as pryse, is gewen deur Chris Barnard van Mosselbaai op putjie 2/11 en Charl Marais van Stilbaai op 8/17. Nog ń teken van die sterk wind is dat geen spogtwees aangetekem is nie!

Tydens die prysuitdeling het die voorsitter, Nic Marais, aangekondig dat Suid-Kaap Sages aangewys is as die wenner van die Kaapse Interstreekskompetisie wat laasmaand op Langebaan gehou is. Celeste Scheepers, voorsitter van Kouga en volgende jaar se aanbieders van die streekskompetisie, het as gas kom saamspeel op Stilbaai en het die trofee  oorhandig aan die Suid-Kaapwenners.



Nic Marais oorhandig die Hennie Huysertrofee aan Mart en Thys Cronjé



Wenners op Stilbaai:  (voor) Willie Albertyn, Piet Cronjè, Mart Cronjé, Thys Cronjé, Johan Swart en Wilhelm Steenkamp. Nic Marais(voors) en gas, Hennie Huyser, staan agter

SAGES WEB SITE

The new SAGES website is available at Sages Golf.

Either navigate through the pages by clicking on the navigation tabs (Brief History, New members, Branches, Cansa, National Sponsor, SAGES Clothing, Governing Information or NMC) or simply scroll down the page.

In order to return to this landing page, simply click on the SAGES logo.

Each page has quick links at the bottom and you can also use the little magnifying glass at the top to try and find information you are looking for.

We urge you to navigate/play around on the new website. As this was a new learning experience for us to develop a website, we regard this site as work in progress with the emphasis on continuous improvement.

Keep in mind that the website was developed with limited financial resources with the aim to market SAGES to the public and provide information to our members.

Speaking of our members, as the executive we urge you to promote the site to all our members as well as the public. All other members can sign on to the website using the following universal sign in details:

Username: memberlogin

Password: SAGESwebsite@2025